# Die Lewende Kerk



# Bergbron Gemeente

*Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding*

*Sondag 5 November 2017*

*Baie Welkom by ons Erediens!*

www.bergbron.org.za

## Erediens

Vandag se erediens word gelei deur ds Stephan Briel

Lees: 1 Joh 2: 7-17.

Fokus: 1 Joh 2: 12-14.

**Groei in jou verhouding met God tot geestelike vader.**

## Omgee:

- Quintin en Anjé Sofianos se babaseuntjie Juan-Luc het ‘n nierbuisie operasie ondergaan om ‘n obstruksie te verlig.
- Susan Le Roux is oorgeplaas na Flora Kliniek. Sy ondergaan nog verskeie toetse.
- Pieter Le Roux is ook Donderdag in Flora Kliniek opgeneem met ‘n niersteen.

## Offergawes:

Offergawes: ‘D’ gemerk: vir behoeftiges.Ongemerk: instandhouding v/d erediens.

## Afkondigings:

- **Gemeente-toerusting en die Hoërskool kategese** vind vandag plaas om 17h00 in die kerkgebou. Marietjie Volschenk bied die Droom-kursus aan as toerusting.

- ‘n **Kerssangdiensvergadering** vind vanoggend na die erediens in die kerkgebou plaas. Almal wat kan help word hartlik uitgenooi na die vergadering. **Oefentye vir die musikante en sangers by die Kerssangdiens:** Maandae, 6, 13, 20 November om 19:00 en op Saterdae, 11 en 18 November om 09:00. Die kleedrepetisie is op Sondag, 26 November vanaf 15:00.
- **Tuingereedskap**: enige items (snoeiskêr, byl, hark, vurk, skoffel, skopgraaf, grasmasjien, tuinslang, sproeiers) wat jy nie gebruik nie, sal BAIE waardeer word!
- Daar is behoefte aan gewillige lidmate om hulle hulp aan te bied by die **rekenaar en kamera**. Sê vir Matt Brummer.
- **Almanak 2018** – ons bestel net genoeg vir die lidmate wat betaal het. Koste beloop R 80-00 en is betaalbaar by Ankie.
- **Tee/koffie skinkbeurte** –vandag is dit Groep 1, Susan B, Kinnie, Annette en Maureen, se beurt. Volgende Sondag skink Groep 2, Elma, Karla, Annemie en Hilda.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, pieterankie@eject.co.za of sms na 072 651 8286).

# Gebed

NB: **GEBED IN DIE KUIERKAMER ELKE SONDAG OM 8:00**



**Help Gebed**

**Help** – Is 'n noodsaaklike gebed vir my. Dit gebeur in tye wat jy nie weet waarheen nie en wat om te doen nie. Baie van die rekenaarprogramme het 'n help funksie en is noodsaaklik. Keer na binne en bid....help asb.... Soms in paniek! Somtyds is dit 'n sagte skietgebed. Neh.2 :4 Soms is dit 'n uitroep na God!

'n Gees van sinisme is besig om ons samelewing al hoe meer te versmoor. Dit maak dat ons siel al hoe meer sukkel om asem te haal, selfs vir predikante en bedieninge. Ons het regtig versterking nodig, ernstige versterking! Dit wat ons nodig het, is reg in God se hart en so bied God dit vir ons aan. Inteendeel HY benadruk dit. God het ons so geskep dat ons funksioneer op hoop.

Die menslike psige is so fyn bedraad om te funksioneer op hoop. Hoe meer vol hoop ons is, hoe meer geestelik gesond is ons. Aan die ander kant, hoe minder hoopvol ons is, hoe meer val dinge uitmekaar .

Die boek Hebreërs sê vir ons ...wees baie bly as swaarkry op julle pad kom...gee hoop.

God bring Homself na ons toe deur gebed.

*Frederick Buechner is a wonderful theologian who wrote a book called Wishful Thinking – A Seeker's ABC. It's one of my favourite books. In regards to prayer he says, "Talk to yourself about your own life, about what you've done and what you've failed to do, and about who you are and who you wish you were and who the people you love are, and the people you don't love too. Talk to yourself about what matters most to you, because if you don't you may forget what matters to you most. Believe Somebody is listening. Believe in miracles.*

Hou aan en slaan 'n pad na God se deur. Ons kan van een ding verseker wees, die God wie ons aanroep sal uiteindelik kom. Al sou Hy nie die antwoord wat jy verwag het vir jou bring nie, bring Hy Homself. Dalk in ons soeke deur al ons gebede is dit wat ons eindelik bid en vra. Ons moet nie soek na ons identiteit nie maar na Jesus. In Hom vind jy jouself.

**Gebed as 'n leefwyse.**

Deur al die vorms van gebed, help, vra en luister ens, raak ons bewus van ons verbintenis met God. Deur stil te raak, te luister na jou innerlike kompas en so naby aan Hom te kom om fyn te luister na God se Gees binne ons, *surrender* ons en is ons gehoorsaam om gelei en gestuur te word.

# Nuus #kinders



- Ons hou vandag die laaste van vanjaar se Kinderkerk byeenkomste.
- Volgende Sondag word erkenning gegee aan die kinders in die vorm van sertifikate en sluit ons ook af met lekker verversings.
- Vandag na die erediens hou die huidige kategete 'n vergadering in die kuierkamer om te besin oor volgende jaar – enige belangstellendes is welkom om dit by te woon.

- Al die kinders is genooi om deel te neem aan die item op Sondagaand, 26 November, tydens die Kerssangdiens. Gesels met Celéste of Ankie indien jy nog nie op die Kinderkerk whatsapp groep is nie.
- Na afloop van die Kerssangdiens is daar vir elke kind 'n pakkie met versnaperinge.

# Die Lewende Woord vir Jou

Prediker: Ds Stephan Briel
<u>Lees:</u> 1 Joh 2: 7-17.
<u>Fokus:</u> 1 Joh 2: 12-14.
**Groei in jou verhouding met God tot geestelike vader.**

- Johannes onderskei drie stadiums van volwassenheid: (1) 'n Beginstadium wat hy *kinders* noem, (2) 'n volgende stadium wat hy *jongmense* noem, (3) 'n finale stadium wat hy *vaders* noem.
- Wat Johannes skryf is vir hom so belangrik dat hy dit moet herhaal, en hy doen dit met 'n werkwoordsvorm wat 'n bepaalde feit sterk beklemtoon.
- Die Griekse woord vir *ken*, wys op ervaringskennis: om 'n persoon te leer ken in 'n intieme persoonlike verhouding.
- Geestelike *vaders* is diegene wat al lank genoeg saam met die Here wandel om sy weë te ken.
- Die finale toets om as geestelike *vader* te kwalifiseer, is reproduksie!
- Sommige mense het skeef volwasse geword – hulle het byvoorbeeld die Bybel bestudeer, maar nog nooit hulle geloof met ander gedeel nie.
- Bergbron benodig geestelike *vaders* en *moeders* om ons visie uit te leef.

**Vir nadenke en gesprek by selgroepe en huisgodsdiens:**

- Waarom is dit so belangrik dat jy as Christen moet groei tot 'n geestelike *vader*?
- Wat beteken die *kennis* van geestelike *vaders*? Hoe verskil dit van die *kennis* van geestelike *kinders*?
- Wat is die uitstaande kenmerk van geestelike *vaders*?
- Identifiseer geestelike *vaders* (en *moeders*) in jou lewe.

# Lekker verjaar ...!

Verjaardae in die week:

| | | |
|---|---|---|
| 05/11 | DANICA DU TOIT | 082 255 3141 |
| 05/11 | ARTHUR VAN NIEKERK | 073 642 9631 |
| 06/11 | NICO KRUGER | 073 922 6095 |
| 06/11 | BRANDON NAUDÉ | 082 496 9598 |
| 08/11 | MARCEL ACKERMAN | 071 682 3806 |
| 08/11 | SANTJIE FERREIRA | 082 331 5276 |
| 09/11 | NADIA NAUDÉ | 082 496 9598 |

# Mag die Here jou oorvloedig seën

NG GREYMONT se Kerssangdiens is Sondagoggend 12 November om 09:00.